

Your ref

Our ref

Date

W Zwiegers/ZC231

8 August 2017

Writer's Direct Fax Line: 086 619 6422

DIE BELEGGERS

Waarde Here

HIGHVELD SYNDICATION SCHEME OF ARRANGEMENT

Ons verteenwoordig mnr Derek Cohen, die regmatig aangestelde Ontvanger in die bogenoemde reëlinskema.

Ene mnr Theron en die Highveld Syndication Action Group (HSAG) Bestuurskomitee het beskuldigings op die HSAG-webwerf gepubliseer wat onder meer aanvoer dat ons kliënt regsoptrede verdraag, en wat boonop die indruk skep dat ons kliënt moontlik onder mnr Nic Georgiou van Orthotouch se invloed verkeer.

Die doel van hierdie brief is om u in te lig dat hierdie beskuldigings – en enige sinspeling dat ons kliënt nie binne die perke van die reëlinskema optree nie – van alle waarheid ontbloot is. Die beskuldigings oor ons kliënt is trouens infame, blatante leuens, en is as sulks lasterlik. Ons is van mening dat dit in u belang is om kennis te neem van die feit dat Helgard Hanke, 'n voormalige lid van die HSAG Bestuurskomitee, aansoek gedoen het om tussenbeide te tree in hofverrigtinge wat op die oomblik aan die gang is – 'n saak wat mnr Theron namens sekere lede van die HSAG aanhangig gemaak het. Die besonderhede van hierdie verrigtinge is nie ter sake vir hierdie skrywe nie, maar mnr Hanke het die volgende aansprake, wat moontlik vir u van belang kan wees, onder eed gemaak:

- “Soos hierbo genoem, was ek deel van die HSAG Bestuurspan / Bestuurskomitee, en ek dra persoonlik kennis van die skikkingsonderhandelinge tussen Theron, ander rolspelers en die 1^{ste} respondente (“Orthotouch”) aan die een kant, en die beleggers aan die ander kant.”
- “Baie beleggers het by die HSAG aangesluit en die registrasiefooi, asook R1 000,00 regs-koste per sindikaat, betaal om vir die skikking te kwalifiseer wat deur Theron gefasiliteer sou word, al het hulle nie belanggestel daarin om deel van die klasaksie te wees nie. Ek is nou van mening dat Theron nie die klasaksie in die geheel wou skik nie, maar dat hy meer belanggestel het in die skikkingsfooi ten bedrae van R2 500.00 per sindikaatbelegging.”
- *“Dit het vir my duidelik geword dat die klasaksie wat deur Stander voorgestaan is, geen vooruitsig gehad het om te slaag nie, en ek het begin om beleggers in te lig dat dit in hul individuele belang is om skikkings direk met die respondente te onderhandel.”*

- *Dit het vir my duidelik geword dat Theron nie meer die belange van beleggers op die hart dra nie, en dat hy bloot by die klasaksie betrokke was vir die inkomste wat dit vir sy firma geskep het.”*
- *Ek onthou ’n spesifieke vergadering in Benoni wat deur Stander en Theron gereël is, waar Theron kommissie van R25 miljoen van die 1^{ste} respondent voorgestel het om die klasaksie te skik. Hierdie betalings het later so hoog soos R66 miljoen gestyg.”*
- *Ek is daarvan bewus dat Theron ’n kommissie van 1% van die skikking gevra het wat namens enige belegger en die 1^{ste} respondent bereik word ... deur die betaling van 50% van die kapitaalbelegging met die 1^{ste} respondent te onderhandel, is die skikking binne ’n baie korter tydperk bereik en was dit nie nodig om verdere kommissie of die klasaksie se registrasiefooi aan Theron te betaal nie. Ek veronderstel verder dat dit om hierdie rede is dat Theron alles binne sy vermoë gedoen het om die sertifisering van die klasaksie, wat teruggetrek is, teweeg te bring.”*

Ek glo bogenoemde verduidelik in ’n groot mate waarom voorstanders van die skema en ander partye nou onder skynbaar onnodige regsoptrede, wat deur mnr Theron aangestig is, deurloop.

Wat die beskuldigings teen Hanke in die bogenoemde aansoek betref, ontken Hanke onder eed die meeste beskuldigings wat verband hou met sy optrede soos wat Theron dit voorhou; hy ontken spesifiek dat hy “oorgeloopt” het en bestempel hierdie beskuldiging as vergesogte onsin wat van die waarheid ontbloot is. Hy verklaar dat die rede waarom hy hom van die HSAG gedistansieer het, was omdat hy van mening verander het oor Theron en die vooruitsig van die voorgestelde klasaksie se sukses. Hanke stel verder op rekord:

- *“Daar word melding gemaak van bydraes van tot R15 miljoen binne slegs drie jaar. Theron het egter geweier om geouditeerde finansiële state van sy trustrekening te verskaf.”*
- *“Beleggers het my ingelig dat, wanneer hulle sulke state aangevra het, Theron se kantoor gesê het dat dit vertroulik is, en dat dit nie aan beleggers gegee kan word nie, hoewel hierdie beleggers die bydraers van sodanige geld was en derhalwe regtens mog weet wat met hulle geld gebeur het.”*

Die beëdigde verklaring wat deur Theron en ene Sharon Ann Vlok en Esmé Jordaan, ’n voormalige klaer in ’n verwante aansoek, afgelê is, bevat ’n magdom bykomende inligting. Indien u wil, kan u ’n afskrif daarvan by die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Gauteng-afdeling, Pretoria, onder saaknommer 80811/2014 kry.

Die onlangse HSAG-nuusbrief verdien ook kommentaar op die leuens wat dit oor ons kliënt bevat.

U dra kennis en ons stel dit op rekord dat ons kliënt hom daarvan weerhou het omby regsoptrede wat deur Theron geïnisieer is betrokke te raak. Ons verneem uit ’n betroubare bron dat mnr Theron reeds ’n aansienlike bedrag beleggersgeld aan regsoptrede bestee het. Ons kliënt het tot dusver deur die nakoming van sy pligte en verantwoordelikhede verseker dat die reëlinskema in werking gestel word.

Ons kliënt is van mening dat die leuen dat hy mnr Georgiou se agent is, versprei word om verwarring oor die skema te saai. Mnr Theron en die HSAG Bestuurskomitee maak aantygings

Zwiegers

sonder dat hulle insae het in korrespondensie of notules van vergaderings tussen my kliënt en Orthotouch. Hierdie leuens kan dus slegs uitgedink word om paniek onder beleggers te saai. Ons kliënt wil veral hê u moet weet dat hy nie 'n hofbevel geminag het soos wat Theron aanvoer nie. Mnr Theron het tot op hede nie met 'n hofbevel vorendag gekom om hierdie aantying te staaf nie.

Ons het ons kliënt nou geadviseer om in die lig van bogenoemde 'n aansoek om 'n interdik teen mnr Theron en die HSAG Bestuurskomitee te bekom om hulle te verhoed om leuens oor hom te publiseer, en om skadevergoeding van hierdie partye te eis. Dit is verder veelseggend om kennis te neem dat ek mnr Theron 18 maande gelede tydens verrigtinge in Pretoria gevra het om bewys te lewer dat hy magtiging het om namens sekere van sy "kliënte" op te tree. Hy kon tot op hede nog nie bewys hiervan lewer nie.

Yours faithfully

ZWIEGERS ATTORNEYS